AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BACCALAUREUS LEGUM (LLB)

NKR-VLAK 8	555 KREDIETE	SAKO-NOMMER: 110809	ONDERRIGLEERMODEL: Nauurse onderrigmodel

WAT BEHELS HIERDIE KWALIFIKASIE?

Die LLB-graad is daarop gerig om bekwame, vaardige en dinamiese regsgraduandi te lewer wat toegerus is met 'n deeglike kennis en begrip van toepaslike regsbeginsels. Dit bied die nodige voorbereiding vir studie op meestersvlak en ontwikkel navorsingskapasiteit in die metodologie en tegnieke van die vakgebeid. Graduandi van hierdie program sal toegerus wees vir die regspraktyk, waar 'n LLB-graad in Suid-Afrika 'n voorvereiste is om as prokureur of advokaat te praktiseer, hetsy in die openbare of private sektor.

WATTER MODULES MOET EK VOLTOOI?

EERSTEJAARMODULES

VERPLIGTE MODULES	KEUSEMODULES (KIES DRIE)
Personereg Familiereg Inleiding tot die Reg Afrikaanse en Engelse Taalvaardigheid in Regskonteks	Ekonomie 1 Ondernemingsbestuur 1 Finansiële Rekeningkunde 1 Politiek 1 Filosofie 1 Kuns van Argumentering

TWEEDEJAARMODULES

VERPLIGTE MODULES	KEUSEMODULES (KIES TWEE)
Kontraktereg Besondere Kontraktereg Regsuitleg Administratiefreg Konstitusionele Reg Regspluralisme Erfreg	Ekonomie 2 Finansiële Bestuur en Persoonlike Finansiële Bestuur Menslikehulpbronbestuur en Arbeidsverhoudinge Ondernemingsbestuur 2 Politiek 2 Filosofie 2 Geskiedenis van Ekonomiese Denke

DERDEJAARMODULES

Deliktereg
Arbeidsreg
Regsvergelyking
Sakereg
Intellektuelegoederereg
Ondernemingsreg
Regsfilosofie

FINALEJAARMODULES

Navorsingsmetodologie en Mini-skripsie
Bewysreg
Strafreg
Internasionale Reg
Siviele Prosesreg
Strafprosesreg

PROGRAMKOSTE VIR 2022: **Vanaf R45 240** *(jaar een)*

HOE LANK NEEM DIT OM HIERDIE KWALIFIKASIE TE VOLTOOI?

Die program kan in 'n minimum tydsduur van vier jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is agt jaar.

WAT IS DIE TOELATINGSVEREISTE?

- *Graadtoelating met Afrikaans (60%) en Engels (60%)*
- *Indien keusevakke uit die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gemaak wil word, word Wiskunde (50%) en Rekeningkunde (50%) ook vereis.*

AANSOEKE VIR STUDIE IN 2022 IS REEDS OOP. *Klik hier vir meer inligting*

www.akademia.ac.za | *086 122 2888*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.